Towerlantern Fotografie

fotografienuus

november 2021

Metamorfose

Lensopening: f8; Sluiterspœd: 1 sekonde; Fokale lengte: 21 mm

Die somer is hier! En dit vœl asof die winter nou die dag nog hier was. Dit bring ons maar net weer tot die besef dat ons aan tyd gekoppel is, en nie daarsonder kan leef nie: LENTE, SOMER, HERFS, WINTER.

Die wonderlike aspek van tyd, veral seisœne, is dat dit vir ons, fotograwe en ander, wonderlike fotogeleenthede gee. Ook wat ander rigtings betref, byvoorbeeld musiek, is daar besondere seisœnbeskrywings. Miskien is Antonio Vivaldi se *Vier seisœne* die beste voorbeeld. Luister maar net na Itzhak Perlman se vertolking van die Allegro-gedeelte uit *Lente*, by https://youtu.be/TKthRw4KjEg

Ons wil in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* die aandag vestig op tydsverloop en hœ dit in foto's ingebou kan word. Dit kan op verskillende maniere geklassifiseer word, waaronder statiese tydsverloop (in een foto) en dinamiese tydsverloop (in 'n reeks foto's). Leer ken só iets nuuts wat jy met jou kamera kan dœn. Geniet dit.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk
Bladuitleg: Fransa van Colourcode Designs

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.

voorbladfoto

Die voorbladfoto is 'n voorbeeld van statiese tydsverloop. Hiermee word bedœl dat tydsverloop (in dié geval van roosknop tot roosbessie) staties met 'n reeks voorbeelde in een foto vertoon word. Dié tydsverloop word ook verwoord in die titel *Metamorfose*.

Soos by elke ander uitgawe van *Fotografienuus*, gee ons ook hier die tegniese besonderhede van die voorbladfoto: lensopening f8 (vir 'n effens groter velddiepte om skerpte deurgaans te verseker), sluiterspœd 1 sekonde (vir die korrekte beligting) en fokale lengte 21 mm (vir 'n wyer toneel, soos vanaf die kamera gesien).

Fotoreekse is op sy beurt 'n voorstelling van dinamiese tydsverloopfotografie. Hiermee word bedœl dat 'n reeks foto's wat oor 'n tydsverloop geneem is, as een saamgestelde foto of as meer as een foto vertoon word.

Lees verderaan waar ons dié sake bespreek en ook met meer foto's tœlig.

TYDSVERLOOPFOTOGRAFIE – AGTERGROND

Tydsverloopfotografie (Engels: *time lapse photography*) kan 'n baie bœiende fotografie-tydverdryf wees. Dit kan op 'n verskeidenheid maniere uitgebeeld word. Ons gee die volgende indeling:

EEN FOTO (STATIES)

- Een enkele foto wat tydsverloop aandui (soos die voorbladfoto).
- Een enkele meervoudigeskoot-foto (soos die brug-toneel) waar tydsverloop 'n rol kan speel, of nie.





Bruggie

MEER AS EEN FOTO (DINAMIES)

- Verskeie foto's wat tydsverloop aandui en moontlik vir effek saamgestel kan word as een prent (soos Maryke Schoonen se foto's in haar artikel hierna).
- 'n Verskeidenheid foto's wat opvolging van tyd voorstel (byvoorbeeld die sonsondergang-reeks hierby). Dit is ook die basiese beginpunt vir die skep van die illusie van beweging in films en videos.



Sonsondergang

Loverslane-seisoene

MARYKE SCHOONEN

Foto's wat geneem word op dieselfde plek, maar oor 'n maandlange tydperk, het my nog altyd geïnspireer.

'n Persoonlike doelwit wat ek vir myself gestel het vir 2021 was om so iets aan te pak. Die grootste vraag natuurlik was, "Waar en wat sal ek afneem?"

Loverslane by die Potchefstroom-kampus van die Noord-Wes Universiteit was die opsie! Dit is 'n laning plataanbome baie naby aan my werksomgewing. Almal is verlief op die prag van die laning – ek dalk die meeste.

Die fotoreeks hierby was 'n toetslopie. Dit is 'n jaarlange onderneming en ek het besluit om dit per selfoon te doen.

Ongeveer elke 11e dag van die maand het ek op dieselfde plek in *Loverslane* gaan staan en 'n paar foto's geneem. Vir 'n suksesvolle fotoreeks is dit belangrik om dieselfde elemente in elke foto vas te vang. Ideaal gesproke sou mens dit op dieselfde tyd ook wou doen. Maar tog het dit hier gegaan oor die seisoenverandering eerder as die tyd van die dag. Die reeks hierby van Januarie tot Oktober 2021 spreek vir homself.

Vir 2022 beplan ek 'n soortgelyke fotoreeks, maar gaan dit hierdie keer met 'n driepoot en my kamera doen! Dit was hope pret en ek sien uit na die suksesvolle voltooiing hiervan.

Loverslane, NWU, Potchefstroom-kampus

Towerlantern Fotografie
- november 2021 -

TYDSVERLOOPFOTOGRAFIE – *'n gedagtespeletjie*

Om 'n gevœl te kry vir tydsverloopfotografie kan jy die onderstaande stappe in jou gedagte (as 'n gedagte-speletjie) dœn, of jy kan dit werklik uitvœr. Wees bewus daarvan dat tydsverloopfotografie tot op verskillende vlakke van gesofistikeerdheid geneem kan word. Ons verduidelik een hiervan, naamlik hœ die illusie van beweging geskep kan word.

- Neem 'n reeks van 5 opvolgende sonsondergangfoto's met gelyke tydsintervalle om 'n eenvoudige tydsverloop-fotoreeks te kry (byvoorbeeld soos in die vrœëre sonsondergang-reeks).
- Plaas 'n reeks foto's soos bogenœmde in 'n PowerPoint-aanbieding. Laat dit outomaties aanbeweeg om sodœnde 'n bewegende reeks te vorm. Jy het in beginsel 'n eenvoudige "video-aanbieding".
- Neem van 'n bewegende onderwerp 'n reeks foto's op gelyke tydsintervalle, sê 20 foto's in 20 sekondes. Dœn dan die volgende eksperimente die een na die ander:
  - ✓ Speel dit terug in ½x20=10 sekondes. Jy versnel dus die fotoreeks en het 'n "die tyd vlieg"-aksie nageboots.
  - ✓ Speel dit terug in 2x20=40 sekondes. Jy vertraag dus die fotoreeks en het 'n "kyk weer"-aksie nageboots.
- In die praktyk, met moderne video-tegnieke, is die proses natuurlik alles elektronies, maar die basiese idee bly steeds dieselfde.
- As jy (of jou kinders of kleinkinders) werklik pret wil hê gedurende die komende vakansie, maak 'n wonderwiel (soos hierna beskryf word). En as jy nog dieper in die saak wil indelf, kyk na die volgende bronne:

https://en.wikipedia.org/wiki/Time-lapse_photography

https://www.canon.co.za/get-inspired/tips-and-techniques/time-lapse-photography-tips/

Maak 'n wonderwiel

Lank gelede, voor films en videos, is die illusie van beweging op verskillende maniere al gedœn. Een bekende voorbeeld is die sogenœmde wonderwiel (Engels: *zœtrope*).
Maak vir jouself een volgens die aanwysings by https://www.wikihow.com/Make-a-Zœtrope .

OP INTERNET GESIEN

Oor die foto hierby sê die fotograaf Matt Molloy die volgende:

> *"Smeared Sky. Made from 500 photos, this is the first sunset time-lapse in which I tried the stacking method. I was surprised with the outcome, but even more so with the feedback. It wasn't long before it went viral. I was getting lots of emails, some asking questions about the technique and others hoping to share it on their website or blog. Milky Way scientists shared it on their Facebook page, and it got 12,000 likes and 4,000 shares on the first day it was up. I was blown away!"*

Lees meer by: https://www.dpmag.com/how-to/shooting/the-art-of-time-lapse-photography/

RIGLYNE VIR TYDSVERLOOPFOTOGRAFIE — STATIES —

Stel 'n enkeltoneel op wat tydsverloop voorstel (soos die voorbladfoto). Plaas die toneel-opstelling op 'n effekleurige agtergrond (byvoorbeeld 'n swart fluweeldoek) op 'n tafel of op die vloer.

KAMERA-INSTELLING: Aanvaar die volgende: Bogenoemde toneel is voor jou, die kamera is baie beslis op 'n driepoot, die komposisie is ongeveer reg en 'n rowwe fokussering is reeds gedoen. Volg die meegaande voorskrifte.

TIPE LENS

Vul die foto so goed as moontlik. 'n Wyer lens sal beter werk as 'n smaller een.

FORMAAT

Kies volgens behoefte.

ISO

Stel die ISO laag, byvoorbeeld 100-200.

WITBALANS

Stel die witbalans volgens die ligomstandighede, en eksperimenteer ook daarmee.

KEUSE VAN FOKUSPUNT EN ROWWE FOKUSSERING

Besluit op 'n fokuspunt ongeveer in die middel van die toneel.

LENSOPENING

Kies 'n middelgrootte lensopening eerder as 'n groot lensopenning sodat die velddiepte nie te klein is nie.

SLUITERSPOED

Verstel die sluiterspoed met die liniaal vir die korrekte beligting. Oor- en onderbelig effens om 'n verskeidenheid foto's uiteindelik te kry.

FYN FOKUSSERING

Maak gebruik van die LCD-skerm en sorg vir 'n absolute skerp fokussering van die hele toneel.

Towerlantern Fotografie
- november 2021 -

RIGLYNE VIR TYDSVERLOOPFOTOGRAFIE

DINAMIES

Kry 'n enkele toneel wat met tydsverloop gaan verander, soos 'n laatmiddag tuintoneel. Besluit op die aantal foto's wat geneem gaan word en die tydsinterval. Neem dan hiervolgens met die hand of outomaties (sien volgende bladsy) die reeks foto's.

TIPE LENS

Vul die foto so goed as moontlik. Maak die beste lenskeuse vir die toneel.

FORMAAT

Kies volgens behoefte.

KAMERA-INSTELLING: Aanvaar die volgende:
Die kamerabattery is baie beslis ten volle gelaai. Die toneel is voor jou, die kamera is ook baie beslis op 'n driepoot, die komposisie is ongeveer reg en 'n rowwe fokussering is reeds gedoen.
Volg die meegaande voorskrifte.

ISO

Stel die ISO laag, byvoorbeeld 100-200.

WITBALANS

Stel die witbalans volgens die ligomstandighede, en eksperimenteer ook daarmee.

KEUSE VAN FOKUSPUNT EN ROWWE FOKUSSERING

Besluit op 'n fokuspunt ongeveer in die middel van die toneel.

LENSOPENING

Kies 'n lensopening wat die toneel die beste sal laat vertoon.

SLUITERSPOED

Effense oor- en onderbeligting vir variasie kan gedoen word, MAAR NIE IN EEN REEKS NIE.

FYN FOKUSSERING

Maak gebruik van die LCD-skerm en sorg vir 'n absolute skerp fokussering van die fokuspunt.

Towerlantern Fotografie
- november 2021 -

WERD om te WEET

Instellings vir outomatiese tydsverloopfotografie

Sommige kameras bied een of albei van die volgende outomatiese instellings-moontlikhede vir tydsverloopfotografie:

MOONTLIKHEID 1:

Daar kan meer as een fotoskoot op 'n enkele foto geplaas word. Dit staan bekend as veelvuldige beligting (Engels: *multiple exposure*). Die vroeëre foto *Bruggie* is so geneem.

MOONTLIKHEID 2:

Daar kan twee of meer foto's na mekaar outomaties op gereelde tydsintervalle geneem word. Dit staan bekend as 'n intervaltydhouer (Engels: *interval timer*). Die reeks by *Foto-idee 2* is so geneem.

Deursoek jou kamera se spyskaart en handleiding om te sien of jou kamera dié moontlikhede het. Dit is baie handig – maar nie onontbeerlik nie – vir tydsverloopfotografie. Ons kan help soek indien nodig; kontak ons gerus.

waardering van *lesers*

OEEEE die mooiste fotos! My vingers jeuk om die verfkwas te vat!

ANNA COETZEE

Hierdie uitgawe van Fotografienuus [Oktober 2021] laat my voete en vingers jeuk. Ek het steeds groot waardering; en al is my fotografie-aktiwiteite tans dormant, hoop ek om teen volgende jaar weer op te warm. Geniet dit saam met almal – ek is net bietjie jalours, maar dit is net my eie omstandighede.

ENGELA VAN DER WALT

Baie dankie vir die onlangse opdrag oor abstraktekleur-fotografie. Aanvanklik het ek gewonder hoe ek die opdrag gaan doen, iets heeltemal buite my gemaksone. Die naweek het ek toe aan fotografie spandeer. Soms baie foto's geneem, soms moedeloos geword, ander kere minder foto's geneem en moed gekry. Aan die einde was elke oomblik 'n vreugde!

VERONICA HEERSINK

SKILDERKUNS versus *Fotokuns*

LALLIE CAMPHER



Drie figure

Voordat ek fotografie as stokperdjie begin geniet het, het ek belang gestel in skilderkuns. Ek het vir drie jaar klas geloop en veral gefokus op waterverf en figuurtekeninge. Ek het ook kunslesse in waterverf, olieverf en *collage* (skilder met papier) by 'n vriendin geneem. Hierdie agtergrond het my gehelp om die basiese kunsbeginsels onder die knie te kry, wat natuurlik ook op fotografie van tœpassing is.

My liefde vir fotografie het aanvanklik by foto's van my kleinkinders, vakansies en tœre begin. Ek het besef dat fotografie, soos ander kunsvorme, jou leer om met ander oë na alles om jou te kyk. 'n Mens neem as't ware alles in prentjies waar!

vervolg op die volgende bladsy

Helder vlam

In 2009 het ek my eerste gœie kamera as geskenk gekry en lesse by Towerlantern Fotografie begin neem. My kameras het daarna weer opgegradeer as gevolg van geskenke! As ek na my eerste pogings kyk, besef ek hœveel ek geleer het onder leiding van Johan de Klerk en Johann Nel.

Ná die Beginnerskursus het ek verskeie Gevorderde kursusse, insluitend 'n Selfoon-fotokursus, voltooi. Ek is ook nou deel van die Fotovriende-grœp, wat die lig gesien het tydens die Covid 19-grendeltydperk. Johan de Klerk gee elke maand aan ons nuwe uitdagings. Ons leer geweldig baie by mekaar. Behalwe dat dit heerlik is om die ander se foto's te sien is dit vir my besonder interessant om die Fotovriende-deelnemers se individuele benaderings tot dieselfde onderwerp te sien. Dis opmerklik dat elke persoon sy/haar eie aanslag en voorliefde het. Hierdie unieke patroon is soms so sterk dat ek individue aan hulle foto's kan uitken.

My persoonlike voorliefde is impressionistiese en abstrakte foto's, veral omdat daar dikwels (soos met waterverf) iets onvoorspelbaars gebeur. Die neem van hierdie tipe foto's is van die tegnieke wat ons deur die tœpassing van byvoorbeeld kamerabeweging en zœmsarsies by Towerlantern geleer het.

Ek kan fotografie as stokperdjie baie sterk aanbeveel, veral vir ouer mense of alleenlopers. Ek is oortuig daarvan dat fotografie uitstekende breinœfening is (en natuurlik sommer ook gœd is vir jou algemene fiksheid omdat jy dikwels mœt beweeg om daardie mooi foto te verdien!). Dink maar net aan die breinontwikkeling wat noodgedwonge mœt plaasvind wanneer jy jou ingewikkelde kamera, asook die rekenaarvaardighede wat daarmee gepaard gaan, mœt bemeester! Dan is daar natuurlik die wonderlike sosiale voordeel van nuwe vriende (en die herontdek van ou vriende), met wie jy so 'n lekker belangstelling deel. Vir my was dit 'n besondere bonus dat ek, as direkte uitvlœisel van fotografie, 'n ou kennis (wat my aanvanklik nie kon onthou nie!) raakgeloop het … en die res is geskiedenis!

Lallie Campher woon in Ventersdorp. Sy en Johann Nel is 'n paar jaar gelede getroud.

TYDSVERLOOPTONELE
in die verlede

Tydsverloopfotografie is dalk 'n relatief nuwe begrip, maar tydsverloopskilderwerk in die geskiedenis is niks nuuts nie. Die verloop van tyd, en die gepaardgaande verandering van lig, was juis die inspirasie wat gelei het tot die ontstaan van die kunsvorm bekend as impressionisme.

Claude Monet (1840-1926) was een van die bekende kunstenaars van die impressionistiese genre. Hy het gedurende die 1890's 'n reeks studies gedoen oor die Rouen Katedraal – telkens in verskillende ligomstandighede. Die saamgestelde foto wys dit is elke keer dieselfde aansig, maar let op hoe die kleure verskil.

Onthou, die impressioniste het juis gefokus op lig en hoe dit iets kan verander en betowerend maak met verandering van tyd en omstandighede.

Rouen-katedraal:
https://en.wikipedia.org/wiki/Rouen_Cathedral_(Monet_series)

DRUKWERK IN DIE VERLEDE

Soms dink jonger mense hul ouers, of oupas en oumas, is dom mense; veral as dit by elektroniese sake kom. Hulle weet niks.

Miskien is jonger mense dalk reg – maar onthou, ouer mense het meganiese kennis wat jonger mense eenvoudig niks van weet nie. Baie voorbeelde kan genœm word om dié bewering te staaf.

Ons was onlangs by 'n restaurant waar daar allerhande ou gœte uitgestal word, onder andere 'n vergelykbare model as die "masjien" in hierdie foto. Die masjien is 'n afrolmasjien en is gebruik vir kopieerwerk. Die teks is getik op 'n sogenœmde wasvel. Die tikwerk het die wasvel effens geperforeer. Dan is die wasvel in hierdie masjien om 'n roller gesit. 'n Pak papier en ink is in die masjien gesit en bladsy vir bladsy afgerol met die slinger regs. Een draai van die slinger, een kopie. Dit het gewerk, selfs al was daar 'n kragonderbreking (wat seldsaam was) omdat dit bloot hand-meganies was.

As iemand – ouer mense? – deedæ nog sou praat van afrol, bedœlende kopieer, dan weet jy dit is 'n terugverwysing na hierdie proses.

Bron: https://www.4x4community.co.za/forum/showthread.php/280352-Nostalgia-Cool-Devices-from-my-Childhood

FOTO-idees

Idee 1: Kunswerk

Skep 'n fotoreeks waarin die sewe kleure van die reënboog voorgestel word.

Towerlantern Fotografie

- november 2021 -

FOTO-idees

Idee 2: In jou tuin

Neem in jou tuin 'n reeks tydsverloopfoto's (5 foto's met tydinterval 15 minute, in totaal dus 1 uur) met die klem op interessante agtergrondtonele, byvoorbeeld bokeh-effekte.

Towerlantern Fotografie

- november 2021 -

FOTO-idees

Idee 3: Mensgemaakte strukture

Ry deur jou distrik en maak 'n fotoreeks van mensgemaakte strukture soos windpompe, kragpale, ensovoorts.

FOTO-idees

Idee 4: Uit vergange jare

Beeld met twee mensfoto's die verloop in dekades uit, van jouself, jou ouers, jou kinders, of iemand anders.

Towerlantern Fotografie

- november 2021 -

KERSGESKENKE

Elkeen skrik jaarliks teen November as jy besef die jaar loop na sy einde toe. Ons is reeds byna deur al die seisoene waaroor ons in ons inleiding gesels het. Die Covid-19-pandemie het sekerlik ook gemaak dat die jaar vinniger onder ons uitgegly het as ander jare.

Sluit nogtans 2021 af met 'n besondere Kersgeskenk aan iemand in jou familie of vriendekring. Oorweeg dit om vir iemand in te skryf vir een van ons aanlynfotografiekursusse. Ons kursusse word op verskillende vlakke aangebied en is tans R1000 per kursus. Die kursusse bestaan uit verskillende lesings wat die een na die ander afgehandel word. Een aspek van ons kursusse is dat ons klem lê op praktiese fotografie-opdragte; en ook in Afrikaans.

Doen gerus navraag.

2022 se kursusse – plaaslik en aanlyn

Ons bied vier verskillende plaaslike en aanlynkursusse in Afrikaans aan:

'n **EERSTEVLAKKURSUS** waarin ons by die heel begin begin. Dié kursus behels sake soos komposisie, lig en kamera-instellings. As jy wonder waar jy moet begin, dan is dit hier.

Prys: R1000.

'n **GEVORDERDEVLAKKURSUS** waarin ons die basiese onderwerpe van die eerstevlak verder voer. Aandag word aan verskeie genres gegee en die lyn word deurgetrek na impressionistiese fotografie.

Prys: R1000.

'n **SPESIALISKURSUS** waarin op enkele onderwerpe (3 tot 4 per kursus) gekonsentreer word. Hierdie kursus word plaaslik en aanlyn gesamentlik aangebied.

Prys: R1000.

'n **SELFOONKAMERAKURSUS** waarin die basiese elemente van fotografie bespreek word, met toepassing op jou selfoon. In hierdie kursus sal jy meer leer hoe om besondere foto's te neem en hoe om basiese fotoverwerking op jou selfoon te doen. Aantal lesings: 4.

Prys: R500.

Daar is steeds die permanente reëling dat daar 'n goedkoper tarief is as twee persone uit dieselfde gesin saam aan 'n kursus deel het.

Doen vir al hierdie kursusse navraag by:
johan@towerlantern.co.za

Towerlantern Fotografie
- november 2021 -